

Gesondheidswetenskappe se eerste fisioprofessor



Prof Quinette Louw

Met 'n unieke studie oor die voorkoming van kniebeseerings in adolessente basketbalspelers, het prof Quinette Louw onlangs een van slegs 'n handvol doktorsale graduandi in Fisioterapie in Suid-Afrika geword. Sy is ook die eerste professor in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) se Department Fisioterapie.

Louw het haar BA-graad in Fisioterapie aan die Universiteit van Wes-Kaapland voltooi en haar meestersgraad- en doktorsale studies aan die Universiteit van Suid-Australië.

Sy het haar doktorsale navorsing gedoen oor kniebeseerings wat jongmense opdoen in basketbal - een van die sportsoorte wat tans die vinnigste groei onder jongmense van albei geslagte.

"Kniebeseerings is die mees algemene beseering in basketbal en dit affekteer elke derde adolossent tussen 14 en 18 jaar wat aan dié sport deelneem. Die beseerings kan wissel van matige pyn tot akute beseerings wat 'n einde kan maak aan 'n jong atleet se sportloopbaan, en selfs lewensfunksie inkort," vertel Quinette. "Die doel van my studie was die primêre voorkoming van beseerings en die sekondêre voorkoming van toestande soos osteoartritis (been- en gewrigs-

ontsteking)."

Met senu-spierbeheer in gedagte, het Quinette 'n indringende analise gedoen van die wyse waarop basketbalspelers op hul voete land, en toe 'n reeks van 18 oefeninge vir basketbalspelers ontwikkel om beseerings teë te werk. Die program van 20 minute fokus op spierbeheer om beskerming te bied teen kragte wat in werking tree tydens die spel, veral wanneer 'n speler op sy of haar voete land tydens 'n sprong. "As spelers, bo en behalwe hul gewone oefeninge, hierdie tegnieke gereeld toepas 'leer' die spiere as't ware om kniebeheer te verbeter. Dit kom daarop neer dat die brein en die liggaam saamwerk en dat dit 'n gewoontevormende meganisme word terwyl 'n persoon basketbal speel."

Haar navorsing het groot belangstelling gaande gemaak in 'n sportmal Australië, veral toe sy in April haar doktorsgraad daar ontvang het. Die media het tientalle onderhoude met haar gevoer na afloop van haar eerste openbare lesing as Doktor in Fisioterapie wat sy in Adelaide gelewer het. Hoewel die program ontwerp is vir jong basketbalspelers, kan die oefeninge ook in ander sportsoorte soos netbal en vlugbal gebruik word. Die Australiërs gebruik dit tans in die afrigting van jong krieketspelers.

Vir meer inligting oor die program, kontak prof Louw by qalouw@sun.ac.za

Keeping an eye on dangerous viruses



Prof Wolfgang Preiser, new head of Medical Virology in the Faculty of Health Sciences.

Progress in the field of HIV treatment has been enormous, especially with the advent of antiretroviral (ARV) drugs. However, resistance to antiretroviral drugs, together with an increase in opportunistic infections resulting from longer survival, could become a huge problem in South Africa if patients undergoing ARV treatment, as well as ARV treatment programmes, are not judiciously monitored, says Prof Wolfgang Preiser, newly appointed head of Medical Virology in the Faculty of Health Sciences (FHS).

Preiser says progress in the field of HIV treatment has been fast and enormous, but the experience with antiretroviral drugs in Europe and the United States over the last

decade has illustrated the down-side of these drugs – such as resistance and cross-resistance which leaves the clinician with very few alternative options. "At the same time, opportunistic infections tend to increase as survival rates improve, requiring better diagnosis and treatment".

Against this background, Preiser would like Virology to sharpen its focus on problems of this nature in the field of HIV and Aids – so much so that he sees it as a personal challenge to contribute

towards the development of an appropriate, cost-effective monitoring system to avert the problems that may arise as South Africa's ARV treatment programmes gather momentum. Preiser is well equipped for this task. As a diagnostic virologist, who was attached to the Institute for Medical Virology of the University of Frankfurt in Germany, he and other medical scientists in Germany were faced with the same situation some ten years ago, when ARV treatment first became available in Europe and the United States. "Since then, state of the art monitoring has been perfected in Europe. Our task will be to find out how this can be translated into a protocol appropriate for the South African situation." In the longer term, the division's HIV vaccine programme, which was initiated by the previous head, Prof Estrelita Janse van Rensburg and financed largely by the South African Aids Vaccine Initiative (SAAVI), will continue, he says.

Preiser left Germany to take up the Virology post in the FHS because of the huge research potential and opportunities offered by South Africa. With his expertise in the field of diagnostic virology – involving virus infections across the spectrum – he and his team will also keep a close watch on the emergence of any new viral strain that may lead to another devastating influenza epidemic. "In fact, the question is no longer if such an epidemic will break out, but only when and how. With the widespread incidence of bird flu over the last few years and the SARS epidemic two years ago, it should already have taken place."

Feesjaar op Tygerbergkampus!

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe vier in 2006 sy vyftigste bestaansjaar. Terselfdertyd word Karl Bremerhospitaal 50, en Tygerberghospitaal 30 jaar oud. Om hierdie mylpale op gepaste wyse te vier, word 'n aantal funksies en spesiale geleenthede vir die feesjaar beplan.

Die feesvieringe skop af met 'n gala-dinee op 8 Maart 2006, waarna die program vir die res van die jaar uitrol. Een van die geleenthede is 'n spesiale VPO-kongres wat heel waarskynlik sal saamval met die Akademiese Jaardag in Augustus. 'n Spesiale

feesuitgawe van Tygerland sal ook aan oudstudente gestuur word en die Fakulteit sal 'n reeks korporatiewe items vir die geleentheid beskikbaar stel. Oudstudente wat reünies beplan, of wil beplan, om met die feesjaar saam te val, kan Thailia Cronjé, bemarkingsbestuurder van die FGW, tel (021) 938 9202 of e-pos tc@sun.ac.za of vir Malena Fourie (hoofkampus) by tel (021) 808 4843 of e-pos mfour@sun.ac.za kontak.





'n Slalomroeier moet sy boot met buitengewone vaardigheid, op 'n spesiale baan in 'n rivier, deur 'n reeks hekke stuur sonder om aan die hekke te raak en sodoende punte in te boet. Vir Afrika en Suid-Afrika se slalom-kampioen, Cameron McIntosh, is 2005 egter die laaste akademiese 'hek' waardeur hy moet beweeg om aan die einde van die jaar as dokter te kwalifiseer.

Sybelle Albrecht

Onblusbare optimisme van 'n Kampioenroeier

In Suid-Afrika – en op die Tygerberg-kampus van die Universiteit Stellenbosch – is die naam Cameron McIntosh met goeie rede sinoniem met slalomkanovaart: Dié finalejaar mediese student het vroeër vanjaar sy plek in die rekordboeke losgeroei met 'n ongeëwenaarde sesde nasionale titel – en hy het al hierdie titels tussen sy studies deur ingepalm.

Dit het soms broekskeur gegaan, soos in sy derde jaar toe hy as 't ware op sy bas deurgeskraap het. En soms het dit hom voor moeilike keuses te staan gebring – soos aan die einde van sy vyfde jaar, toe hy moes besluit of hy aan die vooraand van sy finale jaar, sy studies vir drie jaar moes onderbreek in 'n poging om aan die Olimpiese Spele in Athene deel te neem.

Cameron is nie net die heersende SA kampioen in slalomroeier nie; hy het homself ook onderskei as die beste slalomroeier in Afrika. Hy was 'n lid van die SA Slalomspan tydens kampioenskapbyeenkomste in Suid-Amerika, Europa en Australië, en hy was die enigste Suid-Afrikaner wat aan die kwalifiserende rondtes vir die Olimpiese Spele in Athene deelgeneem het.

Hoewel slalom 'n minderheidsport is, en 'n stiefkind van watersport in Suid-Afrika, het Cameron tussen sy mediese studies deur, met min afrigtingshulp en 'n gebrek aan groot borgskappe, reeds drie keer probeer om vir die Olimpiese Spele te kwalifiseer. Voor die Spele in Australië het hy 'n jaar van sy studies afgeneem, professionele afrigtingshulp gekry en so goed voorberei dat hy die kwalifiserende rondes, wat in Spanje gehou is, met groter selfvertroue as ooit tevore aangedurf het. "Juis daarom was dit 'n bitter teleurstelling toe ek as gevolg van 'n omstrede beoordeling, die geleentheid misgeloop het om deel te neem.

Teen die einde van sy vyfde jaar het

Cameron egter weer in die rigting van Olimpiese kompetisie begin dink – "hoofsaaklik as gevolg van die aanmoediging van een van my dosente, dr David Whitelaw". Hy vertel dat hy lank en ernstig oor die saak besin het voor hy uiteindelik besluit het om sy studies vir drie jaar te onderbreek sodat hy alles moontlik kon doen om vir die 2004 spele in Athene te kwalifiseer. Tydens dié drie jaar het hy ook 'n ontwikkelingsprogram, wat hy sewe jaar gelede vir kanovaarders in sy geboorteprovisie, KwaZulu-Natal, op die been gebring het, uitgebou.

Cameron sê hy het hard probeer in Athene, maar aan die einde van die proewe was sy droom om aan die Olimpiese Slalom deel te neem, in skerwe. Hy het in die K1-afdeling deelgeneem en hoewel hy in die tweede rondte uitstekend geroei het, het hy te veel punte in die eerste ronde verloor om vir die Spele te kwalifiseer. "Ek was 25ste uit 75 deelnemers, maar slegs die eerste 18 kon kwalifiseer vir die Spele." Sulke teleurstellings is moeilik om te verwerk, sê Cameron, "veral as dit 'n yslike hap van ses jaar uit jou lewe neem. Tog gooi 'n mens nie sommer tou op nie, en het teleurstellings selfs 'n manier om jou aan te vuur om volgende keer net harder te probeer." In sy geval is 'volgende keer' die Olimpiese Spele in Beijing, en dié keer gaan hy nie weer die enigste Suid-Afrikaner wees wat gaan probeer om te kwalifiseer nie. Hy is ten nouste betrokke by 'n 'droomspan' van drie swart roeiers – en dié span is reeds druk besig om saam met Cameron te oefen vir *Beijing and Beyond* – 'n spesiale program wat gerig is op die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse Olimpiese slalomspan en die bevordering van dié sportsoort in Suid-Afrika en ander lande in Suider-Afrika.

Die 'droomspan' se roeiers - Siboniso Cele, Simon Dube en Cyprian Ngidi – is

almal lede van die Robert Lambethe-klub, wat Cameron in 2000 aan die oewers van die Nageldam in KwaZulu-Natal se Vallei van 'n Duisend Heuwels, op die been gebring het om roeiers uit arm en agtergeblewe plattelandse dele van die provinsie te help om vaardighede as slalomroeiers te ontwikkel. Intussen het sy droomspan reeds aan verskeie oorsese byeenkomste deelgeneem en uitstekend presteer. Die ontwikkelingsroeiers het trouens vroeër vanjaar saam met Cameron skoonskip gemaak by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Hyself het die senior kampioenskap vir die sesde keer gewen, terwyl Siboniso as kampioen in die C-afdeling gekroon en Primrose Gwala, een van die vroulike sterre in die ontwikkelingspan, die K1-afdeling gewen het toe sy die gunsteling, Katie Cornish, geklop het.

Huwelik, studies en toekoms

Met sy onblusbare optimisme; die teleurstelling van Athene weggewerk en *Beijing and Beyond* nou goed op dreef, het Cameron vanjaar na die Fakulteit terug gekeer om sy tyd uitsluitlik aan sy sesdejaarstudies te wy. Die beste ding wat egter in die afgelope tyd met hom gebeur het, was sy huwelik aan die einde van verlede jaar met medestudent, Colleen Goulding, sê hy. Hy besef maar alte goed dat daar 'n paar moeilike jare op hom wag, onder meer sy gemeenskaps- en huisdokterjaar. Hy glo nietemin dat hy iewers die tyd en energie sal vind om sy spannetjie se Olimpiese droom op koers te hou.

Dit móet net, sê hy, want die sukses van die Nageldam se slalomroeiers moet as inspirasie dien vir potensiële jong roeiers vanoor die hele land en die Afrika-vasteland, en help om slalom 'n volwaardige plek tussen ander suksesvolle sportdissiplines in Suid-Afrika te verseker.